19. JEUG EN ONDERWYS
19. YOUTH AND EDUCATION

19.19 RAPPORT 8 – DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – POTCHEFSTROOM-KAMPUS EN NWU

19.19 REPORT 8 – DEPUTIES CHRISTIAN EDUCATION – POTCHEFSTROOM CAMPUS AND NWU

1. Opdrag: Acta 2015:256	**1. Mandate: Acta 2015:256**
1.1 Die Sinode deur middel van te benoeme Deputate voortgaan om langs verskillende weë ouers aan te moedig om hulle kinders na die NWU te stuur.	1.1 The Synod is to continue, by means of the next Deputies, to encourage parents in various ways to send their children to the NWU.
1.2 Die Sinode sy steun aan die NWU bevestig in die lig van die historiese band wat die Universiteit met die Gereformeerde kerkverband het.	1.2 The Synod is to confirm its support of the NWU in light of the historical bond of the NWU with the Reformed denomination.
1.3 Die te benoeme Deputate gesprek met die Bestuur van die NWU in stand sal hou om hierdie bestaande band te behou en verder uit te bou.	1.3 The next Deputies are to maintain contact with the management of the NWU to uphold and strengthen the existing bond.
1.4 Die Sinode weereens die ouers sowel as Kerkrade sal wys op hulle verantwoordelikheid om kinders so op te voed dat hulle op universiteitsvlak die nodige volwassenheid en verantwoordelikheid aan die dag sal lê (vgl 2.1.7 en 2.2.5).	1.4 The Synod is to once again remind parents as well as Church Councils of their responsibility to raise their children to demonstrate the necessary maturity and responsibility at tertiary level (cf. 2.1.7 and 2.2.5).
1.5 Die Sinode die kerke oproep om enige veldtog wat poog om die NWU verder uit te bou ten opsigte van 'n Christelike etos sal steun.	1.5 The Synod is to call on churches to support the campaign to strengthen the Christian ethos of the NWU.
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Die Deputate besoek die bestuur van die PUK tydens twee geleenthede:	2.1 The Deputies visited the Management of the PUK on two occasions:
2.1.1 Ds J van Schaik en br JG Noëth besoek vroeg in 2016, die Rektor, prof Fika J van Rensburg. Baie tyd word saam deurgebring in bespreking oor die verhouding tussen die Universiteit en die GKSA, die skakeling tussen Universiteit en Kerke en die pad vorentoe. Die Deputate het in besonder baie groot waardering vir prof Fika se direkte skakeling met die NWU studente en hul ouers.	2.1.1 Rev J van Schaik and br JG Noëth made a visit early in 2016 to the Rector, prof Fika J van Rensburg. A lengthy discussion was held on the relationship between the NWU and the GKSA, the interaction between the NWU and churches and the way forward. The Deputies have great appreciation for prof Fika's direct contact with NWU students and their parents.
2.1.2 Bogenoemde gesprek word opgevolg met 'n tweede besoek op 28 Junie 2016 (5 Deputate olv br JG Noëth).	2.1.2 The above discussion was followed up with a second visit on 28 June 2016 (5 Deputies led by br JG Noëth). During

Tydens hierdie besoek, is die Deputate hartlik deur prof Dan Kgwadi (Visiekanselier) en 2 van sy bestuurspanlede ontvang (proff Fika van Rensburg en Frikkie van Niekerk). Openlike gesprek het plaasgevind. Daar word ook "huisbesoek" gedoen voorgegaan met Skriflesing en gebed.	this visit the Deputies were warmly welcomed by prof Dan Kgwadi (Vice-chancellor) and 2 of his management team members (proff Fika van Rensburg and Frikkie van Niekerk). An open discussion took place, accompanied by "home visitation" of reading from Scripture and prayer.
2.2 In die afgelope tyd is daar egter baie verwikkelinge en sake wat baie gekompliseerd is. Die Kuratore hanteer die sake. Dit is ook reg en goed so. Die Deputate kan basies 'n ondersteunde rol speel en het geen opdrag in die verband nie.	2.2 In recent times there have, however, been a large number of developments and matters of great complexity. The Curators are dealing with the matters, which is good and right. The Deputies can only play a supporting role and have no instruction in this regard.
2.3 Die Deputate is egter van mening dat die Sinode wel meer direkte opdragte aan die te benoemde Deputate in die verband behoort te gee. Daar kan nie meer bloot net aanspraak gemaak word op die historiese verbintenis in ons verhouding met die NWU nie. Ons het 'n verantwoordelikheid en roeping om na te kom wat ons nie moet versaak nie.	2.3 The Deputies are, however, of the opinion that the Synod should task the next Deputies with more direct instructions. It is not adequate to lay claim to the historical bond in the relationship with the NWU. We have a responsibility and calling that we cannot forsake.
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
Aanbevelings	Recommendations
3.1 Die Sinode sy steun aan die NWU bevestig in die lig van die historiese band wat die Universiteit met die Gereformeerde kerkverband het.	3.1 The Synod is to confirm its support of the NWU in light of the historical bond between the NWU and the Reformed denomination.
3.2 Die Sinode deur middel van die benoemde Deputate voortgaan om langs verskillende weë ouers aan te moedig om hulle kinders na die NWU te stuur.	3.2 The Synod, by means of the next Deputies, is to continue to encourage parents in various way to send their children to the NWU.
3.3 Die te benoemde Deputate gesprek met die bestuur van die NWU in stand sal hou om hierdie bestaande band te behou en verder uit te bou. Die Deputate ontvang opdrag om hierom-trent in gesprek met die Kuratore te tree om sodoende 'n weg te vind om mekaar se hande te sterk in die ge-sprek en verhouding met die NWU.	3.3 The next Deputies are to maintain interaction with the management of the NWU to retain and strengthen the existing bond. The Deputies are to be instructed to consult with the Curators to find a way to bolster each other in the talks and relationship with the NWU.
3.4 Die kerke word opgeroep om voor-bidding te doen vir die NWU en ons moet onsself herinner aan ons historiese verbintenis.	3.4 The churches should be called up to prayer for the NWU and to bear our historic bond in mind.
3.5 Om indien die Sinode verdere opdragte aan die benoemde Deputate wil gee, dit ook hier by te voeg.	3.5 Any additional instructions by the Synod to the next Deputies can be added here.

Rapporteur: *Reporter*: